Beste Wapadranter

Kommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

Meer oor ons

Hou hierdie spasie dop! Elke week deel ons iets van Wapadrant se visie, ons missie, ons waardes en hoe ons werk.

eNuus in kort

Kyk die eNuus in kort deur die volgende skakel te volg: https://youtu.be/W1IWhTyoTo8

Nuus vir die week

Sondag 11 Oktober:

- Daar is Sondag twee eredienste: 08:30 en 10:00. Die dienste word gelei deur ds. Petrus Grové.
- Die liefdegawe (kollekte) word soos volg verdeel:

Preekrooster:

Volg eredienste via Youtube

https://www.youtube.com/channel/UCb3hrn

Volg eredienste via Facebook

https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos

Aanderedienste @ WPR

Spits julle ore! Wapadrant gemeente gaan DV op Sondae 18 Oktober tot 8 Nov weer aanddienste aanbied om 18:00 die aand.

Dit gaan ingeklee word met Geesvervulde lofprysing, interaktiewe boodskappe, saam kuier en lekker koffie, alles binne ‘n informele, ontspanne atmosfeer in ons nuwe Kuierarea.

Let wel: Hierdie slegs ‘n proeflopie vir 4 Sondae aande om te bepaal hoe groot die behoefte is. As jy dus gereeld aanddienste in die toekoms wil sien, maak seker dat jy dit bywoon!

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Japie Labuschagne wat ‘n knievervanging ondergaan het.
- Monica du Preez wat opgeneem is in die hospitaal nadat sy geval het.
- Almal wat ongesteld is.

Hartlik geluk aan:

- Stefanus en Megan Minnaar met die geboorte van hul tweede seun, Myles Luke.

Gebed vir die week:

Epos die kerkkantoor om by die Gebedsgroep aan te sluit

Kontak die kerkkantoor:

Wapadrant Musiekbediening

Ons het ‘n Spotify speellys opgestel met die meeste liedere wat ons tydens die Kontemporêre erediens sing, sodat jy dit rustig in jou eie tyd kan luister en bekend kan word met die woorde en musiek.

Jy kan ook die skakel volg:
https://open.spotify.com/playlist/5XW1VYP3RWpli0sq5iGYVm?si=PEq9yoq1Rhe1IGBJyUHcfQ&pi=EFrJeu3oQaCl5

Ons maak impak in die omgewing

Gemeente impak in die Omgewing:

Een van die areas wat ons wil impakteer as stadbouers, is ons omgewing. Elkeen van ons werk en beweeg in verskillende areas waar daar verval voorkom. Ons wil die gemeente aanspoor om in die week van die 19 tot 23 Oktober ‘n omgewingsimpak te maak as individue of saam in kleingroepe. Dit kan ‘n parkie wees waar rommel lê, ‘n swaai wat geverf moet word, ‘n parkeerarea wat vol papiere is ens. Dit hoef nie ‘n groot area te wees nie, enige plek wat met ‘n klein bietjie moeite beter gemaak kan word tot eer van ons Koning.

Neem asb. ‘n foto voor en na die impak en deel dit met ons. Stuur ‘n epos na media@gkwapadrant.co.za of stuur ‘n WhatsApp na 083 403 0722.

Volg die skakel om in te skryf: https://www.sunrisetraumasupportcentre.co.za

Omgewingsimpak: Rietvlei

Op 17 Oktober maak ons saam met die Vriende van Rietvlei 'n omgewingsimpak. Van 07:30 tot 11:00 help ons om paaie reg te maak, indringer plante te verwyder e.d.m. Laat weet vir Philippe Temmerman (083 635 2313) indien jy wil deelneem. Jy moet ook **voor 15 Oktober** registreer sodat jy gratis toegang kan kry. Volg die skakel om te registreer: https://forms.gle/yf8uDyBn6KRp6DDy5

Uit en Tuis

Burundi Wit Olifantverkoping:

Burundi sending bedank almal wat bygedra het tot die verkoping. Hulle het nog genoeg voorraad oor om verkopings te hou vir die res van die jaar.

GK Centurion hou basaar:

Afri-duetfees:

GONG & TOIBO:

VINNIGE TOIBO-FEITE

SEPTEMBER: PROJEK WAARDIGHEID

- Ons help 692 behoeftige kinders met badsakkieprodukte
- Hierdie projek kan net slaag met kontantdonasies en produkskenkings
- 'n Lys van items is beskikbaar

MATRIKULANTE & SKOOLVERLATERS

- TOIBO is betrokke by 5 skole
- 118 matrikulante gaan vanaf 13 Oktober die NSS-eksamen aflê
- 37 skoolverlaters is vanjaar in die Vaardigheidsafdeling

info@toibo.org.za
Tel 076 143 6961
www.toibo.org.za

TRANSORANJE INSTITUUT
VIR BUITENGEWONE ONDERWYS
ABSA TJEKREK NR 020 840 145 TAK 632005

@KROKODILSPRUIT SKIETBAAN

GONG SKIETDAG

10 OKTOBER 2026

.22 LONG RIFLE
4.5 / 5.5MM PELLETS

GROOT PRYSE
OPENING EN REËLS: 8H00 - 8H30
SKIET BEGIN: 8H30

STALLETJIES
VERVERSINGS
UITSTALLERS
GESINSDAG
GEEN KOELKASTE

R500 PER SPAN VAN 2

EIE GEWEER EN AMMUNISIE /
EKSTRA FOOI VIR LEEN VAN GEWEER EN AMMUNISIE

SPANKOMPETISIE - 5 BANE
ELK MET SY EIE UITDAGING

AFDELINGS:
LAERSKOOL / HOËRSKOOL / PA & SEUN/
MA & DOGTER / GEMENGDE SPAN
MAG MEER AS EEN KEER SKIET

TOP SHOT - APARTE KOMPETISIE
R100 (REGISTRASIE OP DIE BAAN)

PELLET BAAN VIR KINDERS
(R20, REGISTRASIE OP DIE BAAN)

BESTE SKUT VIR DIE DAG
BESTE GEMEENTE TROFEE

TEN BATE VAN
GEREFORMEERDE
KERK
KAMEELDRIFT

REGISTREER NOU

KONTAK
MARK
082 456 1081
BREGGIE
062 85 99 374


Ons nooi met groot vreugde
die gemeentes van ons klassis
uit na 'n gesamentlike
HERVORMINGS
diens
25 Oktober 2026
17:00
Gereformeerde Kerk
Meyerspark
Kom vier saam die genade van God
en ons erfenis van die Reformasie.
SOLA SCRIPTURA
Die Skrif alleen
SOLA GRATIA
Die genade alleen
SOLA FIDE
Die geloof alleen
SOLUS CHRISTUS
Christus alleen
SOLI DEO GLORIA
Aan God alleen die eer
AL DIE GEMEENTES VAN DIE KLASSIS
IS HARTLIK WELKOM!

Kers en Fees:

KERS & FEES
Dagboek
27 Nov 26
saam met
Helene Bester
en die
WATERKLOOF JAZZ ENSEMBLE
Kom vier die Kersfeesgees saam met familie,
vriende en wonderlike musiek onder die sterre!
27 November 2026
Sunriseweg 3
Pretoria
18:30
tot laat
KAARTJIES BINNEKORT BESKIKBAAR!

Vrydag 27 November sluit ons as gemeente saam die jaar af met Kersete en kerssang saam met Helené Bester om 18:30. Die hele familie is welkom! Die geleentheid is ideaal vir kleingroepafsluiting. Kaartjies sal binnekort beskikbaar wees.

Jeugbediening 2027

Die Kerkraad het die nuwe inisiatiewe wat vanaf 2027 implementeer word, goedgekeur:

- Dat die Laerskooljeug (Gr. 1 tot 6) Sondae in die skool kwartale ook tydens, of in dieselfde tydgleuf as die eerste erediens sal vergader in hulle onderskeie lokale.
- Tydens hierdie byeenkomste sal hulle eers in twee afsonderlike “Groot Groepe”, (onderskeidelik Gr. 1 -3 en Gr. 4-6), bymekaar kom om die eerste helfte van die byeenkoms te doen, wat o.a. sal bestaan uit lofprysing, omgee en vierings, ’n spesifieke les wat uitgewerk word vir grootgroep aanbieding en kollektes. Hulle sal daarna in hulle kleiner groepe verdeel vir verdere vaslegging van die les.
- Die tieners (Gr. 7-11), woon Sondae in skoolkwartale steeds die volwasse eredienste by en woon hulle jeuggroepe tussen die eredienste by - soos tans die gebruik is.

Vra jou vraag

Al die vrae en antwoorde op die gemeente se webblad beskikbaar:
https://www.wapadrant.co.za/ontdek-jou-plek.html

Lidmaat Netwerk

Besoek die Lidmaat Netwerk en help so om aan jou stad te bou. Byeenkomste, boekvrystellings, dienste sowel as werksgeleenthede (gesoek en beskikbaar) is ook hier te vind. Lidmate kan advertensies gratis plaas. Stuur 'n epos met besonderhede (in .jpg of .png formaat) aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

https://www.canva.com/design/DAFYMHYdpxU/o7OImFpFrhwiiGXnTN7SnA/view?utm_content=DAFYMHYdpxU&utm_campaign=designshare&utm_medium=link&utm_source=publishsharelink

'n Hart van gee

'n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog 'n kans. Gebruik die SnapScan-funksie of QR-kode wat in kerkbanke aangebring en gee so ook jou donasie.

Die verwysing is baie belangrik:

- As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. "Liefdegawe" of "Kollekte" wees.
- Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as 'n "Kerkkas" bydrae.
- Merk die verwysing daarop asb. as "Donasie" of "Bydrae" met jou naam daarby.
- Jy mag ook anoniem bly.

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?
Kontak die kerkkantoor